

## SOLIDARITEIT 10-PUNT PLAN VIR GESONDE EN VEILIGE TERUGKEER NA WERK ONDER DIE AANGEPASTE VLAK 3 COVID-19 GRENDELSTAAT VAN 29 DESEMBER 2020

Ten spyte van die voortslepende COVID-19 pandemie, is dit lewensnoodsaaklik dat die Suid-Afrikaanse ekonomie aan die gang bly én gestimuleer word om te groei. Die keuse tussen gesondheid óf werk is nie 'n opsie nie en Solidariteit is 'n voorstander van die versekering van 'n gesonde werkplek vir alle werknemers. Ter ondersteuning hiervan, het Solidariteit hierdie plan ontwikkel om werkgewers te help om hulle werknemers gesond en veilig te laat terugkeer werk toe. Die terugkeer na die werkplek ná 'n tydperk van sluiting hou groot gesondheid- en veiligheidsrisiko's in, en dit is belangrik dat die nodige beplanning en stappe vir die beveiliging van werkplekke gedoen word voordat werknemers terugkeer na die werkplek

1. Die wetlike verantwoordelikheid van alle werkgewers om 'n gesonde en veilige werkplek te verseker is steeds geldig en is die fondament vir die verskaffing van 'n gesonde werkplek. Die direkteur, soos uitgereik deur die departement van indiensneming en arbeid ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid en COIDA, is steeds geldig en moet toegepas word.
2. Dit is veral belangrik dat werkgewers die bedreigings en risiko's vir gesondheid en veiligheid by die werkplek, insluitend die risiko van COVID-19, analiseer, bepaal watter maatreëls nodig is om hierdie bedreigings en risiko's uit te skakel, hierdie maatreëls implementeer en die nakoming daarvan moniteer en afdwing. Die bedreigings en risiko's mag selfs verskil by soortgelyke plekke, byvoorbeeld ablusie geriewe vir verskillende geslagte. Die risiko analyses moet deurlopend gedoen word aangesien veranderende omstandighede die risiko's mag verander en selfs nuwe risiko's kan skep.
3. Ingevolge die Aangepaste Vlak 3 grendelstaat regulasies, mag alle werkplekke voortgaan met hulle aktiwiteite, tensy dit spesifiek uitgesluit is deur die regulasies [regulasie 45(1)], onderworpe aan die voorwaardes en beginsels hier onder genoem.



[www.solidariteit.co.za](http://www.solidariteit.co.za)

---

Solidariteit Hoofkantoor | Solidarity Head Office

T: 012 644 4300 | F: 012 349 8510 | E: [badbgv@solidariteit.co.za](mailto:badbgv@solidariteit.co.za)

H.v. DF Malanrylaan en Eendrachtstaat, Kloofsig | Cnr DF Malan and Eendracht Streets, Kloofsig

4. Die basiese reël is: Alle persone wat van die huis af kan werk, moet van die huis af werk [tabel 2 van regulasie 5]. Om hul blootstelling te beperk, is dit belangrik dat diegene wat van die huis af werk, so min as moontlik die huis verlaat.
5. Indien dit noodsaaklik is dat werknemers by die werkplek moet wees, moet die volgende voorwaardes nagekom word:
  - 5.1 Alle tersaaklike gesondheid protokolle, soos byvoorbeeld die ontsmetting van werkplekke, die was en ontsmetting van hande, rekordhouding van persone wat die werkplek betree, die handhawing van sosiale afstand (minstens 1,5 meter), en die versekering van goeie ventilasie, moet streng nagekom word [regulasie 45(2) saamgelees met tabel 2 van regulasie 5].
  - 5.2 Let daarop dat werkgewers maatreëls moet instel om die fisiese afstand tussen werknemers onder mekaar en met ander persone te verseker, insluitend om;
    - werknemers van die huis af te laat werk of hulle fisiese teenwoordigheid by die werk andersins te beperk;
    - te verseker dat daar voldoende spasie by die werkplek is vir die handhawing van sosiale afstand;
    - die beperking van gesis-tot-gesig vergaderings;
    - die neem van spesiale maatreëls om kwesbare werknemers met bekende gesondheidsrisiko's, veral ten aansien van COVID-19 en werknemers bo die ouderdom van 60 jaar, te akkommodeer [regulasie 45(8)];
  - 5.3 Dit is belangrik dat, om hul blootstelling te beperk, diegene op kantoor sover as moontlik nie openbare plekke in werkyd moet besoek en dan weer terugkeer werk toe nie.
  - 5.4 Terugkeer na die werkplek moet gefasseerd gedoen word, sodat maatreëls in plek gestel kan word om die werkplek COVID-19 gereed te kry [tabel 2 van regulasie 5].

- 5.5 Die terugkeer na die werkplek moet op só 'n wyse gedoen word dat die risiko van infeksie vermy en verminder (*sic*) word [tabel 2 van regulasie 5].
- 5.6 Die werk mag nie spesifiek uitgesluit wees in die uitsluitings ingevolge tabel 2 van regulasie 5 nie.
- 5.7 Voldoeningsbeamptes moet by elke werkplek aangestel word [regulasie 46].
- 5.8 Dit is belangrik dat, om hul blootstelling te beperk, diene op kantoor sover as moontlik nie openbare plekke in werktyd moet besoek en dan weer terugkeer werk toe nie.
6. Besighede moet ook voldoen aan alle sektor-spesifieke gesondheid protokolle, soos bepaal mag word, wat werk rotasie, verspreide werksure, skofstelsels, en afstandswerk, spesiale voorsiening vir kwesbare persone, mag insluit [regulasie 45(4)(a) en (b)]. Die onderskeie sektore moet hierdie gesondheid protokolle bepaal.
7. Let daarop dat die beweging van persone tussen 21:00 en 06:00 verbode is, tensy die persone in besit is van 'n permit in die voorgeskrewe formaat, soos vervat in vorm 7 van aanhangsel A tot die regulasies, of in die geval van 'n veiligheids- of mediese noodgeval [regulasie 33(1)]. Werkgewers moet verseker dat werknemers wat vir dringende noodsaaklike werksvereistes buite hierdie ure moet beweeg vanaf hulle woonplek, in besit gestel is van 'n behoorlik voltooide permit om sodanige beweging te magtig.
8. Die dra van maskers is verpligtend vir alle persone in 'n openbare plek, wat die werkplek insluit [regulasie 3(2)]. Werkgewers mag nie enige werknemer toelaat om die werkplek te betree of om enige werk te doen, sonder 'n masker nie [regulasie 34(5)]. Werkgewers behoort dus voorsiening te maak vir die neem van tersaaklike stappe om die verpligte dra van maskers op die gepaste wyse te verseker.
9. Werknemers moet bewus gemaak word dat veiligheid tuis begin. Hulle moet ook die veiligheid en gesondheid protokolle buite die werksomgewing streng nakom om hulle eie blootstelling en dié van

hul gesinne te beperk en om die risiko van besmetting van hulle kollegas, in die geval waar hul asimptomaties is, te verlaag

10. Verwys na Solidariteit se Goeie Praktykskode: Maatreëls om gesonde, voortreflike werk tydens en na die COVID-19 pandemie te verseker, vir meer gedetailleerde inligting oor bogenoemde.